

Sonderlinge eer vir die boektrommelprojek



Die agste hersiene uitgawe van 'n baie beroemde uitgawe van die Nederlandse handboek, *Leren Communiceren* (vry vertaal as *Leer om te Kommuniqueer*) het pas verskyn. Hierdie handboek word wyd gebruik omdat almal in elke beroep goed moet kan kommunikeer, mondeling en skriftelik. Dit het in 1979 verskyn en daar is rofweg al sowat 250 000 eksemplare verkoop.

In Hoofstuk 3 (Argumenteren en overtuigen) van die agste hersiene uitgawe word die boektrommelprojek as voorbeeld gebruik van hoe ons patos, 'n eeue oue Griekse oortuigingstegniek, ingespan het om geld in die hande te kry vir boeke. Hoe het dit gebeur? Drie van die skrywers van hierdie publikasie ken die boektrommelprojek en het sedert 2004 gereeld skenkings gegee en/of ander mense oortuig om te help om ons kinders aan boeke bloot te stel. Daarvoor sal die VVA altyd aan hulle dank verskuldig bly.

Lees gerus die ingeslote Nederlandse paragrawe uit *Leren Communiceren*. Dis insiggewend, en lekker ook sommer dat die VVA se werk steeds in Nederland eggo.

Amanda de Stadler

Pathos

Bij pathos (Grieks; letterlijk: lijden, gevoel) gaat het over de gevoelens die de zender bij de ontvangers opwekt. Die emoties kunnen bij een overtuigingspoging veel gewicht in de schaal leggen. Met de emoties van het publiek wordt met name de affectieve doelstelling gediend (zie paragraaf 1.3).

Amanda doet haar best om middelen te werven voor het Boektrommelproject. Daarmee kunnen er metalen kisten met boeken worden aangeschaft voor kinderen in Zuid-Afrika die anders niet of nauwelijks iets te lezen zouden hebben. Om mogelijke sponsors te overtuigen van het belang van dit project gebruikt Amanda een citaat van de beroemde Zuid-Afrikaanse schrijfster Antjie Krog. Die schreef ooit (vertaald naar het Nederlands): "Het maakt niet uit hoe arm een kind is, een kind dat leest is een bevoorrecht kind. Het maakt niet uit hoe verwaarloosd of verlaten

een kind is, een kind dat leest is een gekoesterd kind. [...] Het maakt niet uit hoe onmenselijk een samenleving is, een kind dat leest, wordt een menselijk kind."

De kans is groot dat Amanda met deze woorden van Antjie Krog de lezer weet te raken. Het emotionele appel wordt alleen nog maar indringender als aan de oproep om het boektrommelproject te steunen een foto als in Figuur 3.2 wordt toegevoegd.

Figuur 3.2

Zuid-Afrikaanse kinderen met boeken uit een boektrommel



Amanda maakt voor haar overtuigingspoging gebruik van pathos.

Die uittreksel oor die VVA se boektrommelprojek wat in *Leren Communiceren* verskyn.





Die foto's is geneem op 18 April 2013 toe Carel Jansen en sy vrou, Marijke Meijer Drees, boektrommels op Stellenbosch kom oorhandig het aan Jessie Keet, Kleine Diamantjies, Jakkerland, ACVV, Petite Pre-Primêr, St' Josephs, Babin en Kylemore Creche.



400 kinders ontdek die wêreld van lees danksy boektrommels

Hierdie artikel van 4 Mei 2021 verskyn op die ATKV se webtuiste.

Meer as 400 gelukkige kinders kan nou die wêreld van lees ontdek nadat die Vriende van Afrikaans (VVA), 'n divisie van die ATKV, boektrommels aan skole en naskoolsentrums geskenk het.

"Die VVA se boektrommelprojek wil kinders so vroeg as moontlik aan die wêreld van woorde en stories blootstel," sê Chareldine van der Merwe, projekbestuurder by die VVA.



Die skenkings is moontlik gemaak deur die Dagbreek Trust en AON.

Die skole wat boektrommels ontvang het, is: St. Vincent Primêr, Koelenhof en Nieuw Sion Nasorgsentrum in Simondium, Bronaar Nasorgsentrum in Ceres, Simondium Primêr, Goedgedacht Kleuterskool in Riebeeck-Kasteel en Emmanuel Dagsorg & Naskoolsentrum en Die Heuwel Speelskool in Oudtshoorn.



“Die kinders en opvoeders is baie opgewonde en dankbaar oor die boeke,” sê Chareldine.

Saam met die skenkings het die VVA ook ’n voorleeswerkswinkel in Oudtshoorn aangebied wat deur 31 graad R-onderwysers bygewoon is.

“Die doel van die werkswinkel was om onderwysers te herinner dat lees ’n vaardigheid is en dat dit ontwikkel moet word. Voorlees en lees ontwikkel ’n kind se verbeelding, brei sy woordeskat uit en ontwikkel ’n kind se taalvermoëns.

“Boeke is nie ’n luukse is nie. Dit is ’n noodsaaklikheid vir ons kinders se toekoms en ongelukkig kan baie skole en mense nie altyd boeke bekostig nie.”

Die boektrommels is die VVA se vlagskipprojek.

“Die boektrommels, vol heerlike boeke wat aan skole en kleuterskole geskenk word, help dat ons voorlees en die belangrikheid daarvan by elke huis en klas kan tuisbring.

“Met hierdie uitgebreide boektrommelprojek wil die VVA jaarliks probeer om ’n groter impak te maak tot die ontwikkeling van ’n leeskuilte in gemeenskappe landwyd sodat kinders in woordryke omgewings met toegang tot die regte boeke kan grootword.”

Die Weskus is dankbaar vir boektrommels

Die VVA wil deur sy boektrommelprojek verseker dat kinders blootgestel word aan lekker en geskikte boeke om so vroeg as moontlik ’n liefde vir lees te ontwikkel. Ons wil hierdeur ’n leeskuilte skep en hopenlik van kinders lewenslange lesers maak. Die VVA het vroeg in Mei in samewerking met Hoopsig Sentrum boektrommels oorhandig aan skole in Paternoster, Saldanha, Veldrif, Vredenburg en St Helenabaai. Tydens die oorhandiging word daar stories voorgelees en oor die hantering en die waarde van boeke gesels. Chareldine van der Merwe en Shemone Bokhary het saam met ’n student uit Duitsland (Fabia Bruner), die skole besoek. Daar word later vanjaar ’n leeskonferensie vir opvoeders en ouers beplan vir die Weskus.

LAPA Uitgewers het ook van hul Keegan en Samier-boekies vir die skole geskenk.





Die VVA handig boektrommels oor aan verskeie Weskus-skole.

ATKV-TAKLID BEGIN 'N LEESREVOLUSIE

Wat begin het as 'n nederige leesgroepie met vyf kinders het gou in 'n leesrevolusie ontaard toe Trudie Swanepoel besluit het om kinders in haar omgewing te leer lees.

Trudie Swanepoel, voorsitter van die ATKV-damestak Despatch, het in Maart verlede jaar – net voor die grendeltydperk – besluit sy wil kinders in die Despatch-omgewing leer lees en het 'n leesgroepie begin.

“Ek het vyf gr.1-leerders wat deel is van my Voortrekkergroep en ek het besef hulle sukkel verskriklik om te lees,” sê Trudie.

“Ek ken die uitdagings wat met lees gepaardgaan. Ek het self as kind gesukkel om te lees.”

Sy het van die *Tippie leer my lees*-reeks, wat deur Reinette Palmer geskryf is, te hore gekom en besluit die kinders moet met dié boeke leer lees.



Die Tippie-boeke bestaan uit vier reekse van tien boeke elk wat kinders se woordeskat verbreed en hulle speel-speel leer lees.

Regs: Trudie Swanepoel van die ATKV-damestak Despatch, by die boektrommel wat die VVA geskenk het, lees vir die kinders stories.



“Die Tippië-boeke lees baie maklik en is ideaal vir kinders wat leesprobleme ervaar.”

Ouers het gou aan Trudie se deur kom klop en teen die einde van verlede jaar het sy 12 kinders gehad wat by haar leeslesse kom ontvang het.

“Ons het sowat ’n uur sessie met die kinders en ek lees saam uit die boek sodat hulle nie alleen hoef nie. Dit skep vir hulle meer selfvertroue om te lees.”

Teen Januarie vanjaar het haar leesgroep uitgebrei tot ’n allemintige 24 kinders.

“Dit het so baie geword dat ek ’n rooster moes opstel vir wanneer elke kind vir leeslesse moet kom.

“Dit verg baie geduld en ek weet nie altyd waar my geduld vandaan kom nie, maar dit is lekker om die kinders te sien groei as lesers.”

Reinette, wat die Tippië-reeks geskryf het, het van Trudie se leesgroep gehoor en vir haar ’n reeks van die boeke gestuur.

Vriende van Afrikaans het ook onderneem om vir Trudie ’n boektrommel te stuur.

“Ek het regtig nie gedink my leesgroep gaan so baie aandag trek nie, maar dit is baie bevredigend om ’n verskil in hierdie kinders se lewens te maak.”

BRIEWE

Beste Chareldine

Baie dankie vir die pragtige nuusbrief. Ek het elke artikel geniet.

Liefdegroete vanuit die Tsitsikamma.

Desiree C Mey

Prinsipaal

Johan Huss Primer

Chareldine

Soos altyd lekker om te lees wat julle doen. En om die terugvoer te sien van julle suksesse. Soos die Hollanders sê: Doe zo voort!

Groete

Prof Wannie Carstens

Dankie vir hierdie lekker-lees en voel-goed nuusbrief! Jy doen uitstekende werk en hou daarmee vol.

Groete,

Merlyn

”

HET JY GEWEET?

Deur middel van die Boektrommelprojek het amper

4500

kleuters toegang gekry tot splinternuwe kinderboeke in 2020.

Belê in jouself! | Belê in jou toekoms! | #weesdieverskil

ATKV

“Ek glo dat ’n huis sonder ’n boek, is soos kos sonder sout – daar kort iets.

Chareldine van der Merwe, projekbestuurder van die Vriende van Afrikaans.

Vriende van Afrikaans

Doendinge in Afrikaans

NUUSBRIEF

Redakteur: **Mandie Ehlers**

Assistentredakteur: **Chareldine van der Merwe**

Bladuitleg: **Plenti Creative**

ALGEMENE INLIGTING

Straatadres:

Cotillion Place, Technorylaan 22
Tegno Park Stellenbosch 7600

Posadres: Posbus 1209, Stellenbosch 7599

Telefoon: 021 880 1761/ 021 880 1743

Faksnommer: 021 880 1946

E-posadres:

Mandie Ehlers:

mandiee@atkv.org.za

Chareldine van der Merwe:

chareldinev@vva.atkv.org.za

Webtuiste: www.atkv.org.za

Kooppinge in Afrikaans

DIE VOLGENDE ITEMS IS BY DIE KANTOOR TE KOOP:

- 1. Dubbel-CD:** Ou Vriende van Afrikaanse kunstenaars soos Laurika Rauch, Lucas Maree en bekende kore teen R100
- 2. Voetslaankaart van Tafelberg in Afrikaans** geskep deur Peter Slingsby teen R20
- 3. Pieter van der Westhuizen-huldigingsbundel** (277 pp. bladmusiek van gewyde musiek) teen R160
- 4. CD: Vespers van Rachmaninof** in Afrikaans teen R120
- 5. Basic Afrikaans – the top 1000 words and phrases** teen R135
- 6. Joernaal van Jorik – in klank** (toonsetting deur Roelof Temmingh) teen R120
- 7. Die Nagbiblioteek** deur Amanda de Stadler, 'n A3-formaat voorleesboek vir kinders onder 8 jaar teen R120

(R65 posgeld per bestelling moet ongelukkig gehef word)

Bank:

ABSA, Tjekrekening
Rekeningnaam: ATKV
Rekeningnommer: 0170166728
Takkode: 632005

Vir buitelandse inbetalings gebruik die volgende

"Swift Code": ABSA ZA JJ

As verwysing gebruik asb: VVA en die item (bv. naam van CD, gedenk bundel, boektrommel ens.) E-pos of faks dan net die bewys van betaling, naam en van en ook bedrag wat inbetaal word.

